# Lesing 64 - 19 Mei - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 81 aan Daniel Grobbelaar ontvang op 30/01/19

"MY Boere-Gilgaliete, **MY Ossewa-Volk!** Hoor die Stem van JAHWEHSHUA die VOLMAAKTE LEWENDE LAM en LEEU! Vir Sewe Dae het Ons geywer en gewerk aan jul Skepping. Vir Sewe Dae het Ons saam geveg vanuit die Gilgal-Laer. Voltooi nou julle werk op hierdie Sewende Dag en gaan binne MY RUS in en lê julle harte neer in die Warm Palms van MY Hande. Voltooi nou julle werke. Die Wysheid, MY BEMINDE, julle MOEDER, en EK, EK IS WAT EK IS - ONS het MEKAAR geraadpleeg as EEN op hierdie Dag van Rus. Julle Offerande MY Boere-Gilgaliete, julle wat op die Eerste Dag heelhartig begin het en getrou was aan MY Opdrag tot OPSTANDING, aan julle Offerande het EK 'n welbehae en die reuk van julle harte-offers ruik soet en heerlik voor MY Aangesig. Vir julle wat later begin offer en veg het aan en saam met MY, voltooi julle werke en volbring die daad van LIEFDE in MY en betree die Sabbat waar julle opgelei sal word met Stille Fontein Waters van RUS en LEWE.

Daar sal 'n einde kom aan smarte en oorlog! Deur julle blaas van die Ramshorings vanuit julle dapper harte van LIEFDE, **het daar wendings en skeppings in die Geestelike plaasgevind**; **vanuit die Geestelike sal dit manifesteer in die materie en 'n groot oorlog sal kom en 'n groot omvorming en aardbewing sal plaasvind**. Maar vir julle sê EK: BLY NOU IN HIERDIE **MIGDOL TORING-VESTING**. Deur een van MY knegte het EK die **SEWE DAE VAN STILTE** geopenbaar en dit in herinnering gebring. Nou MY Bruid, gaan EK aan julle instruksies gee hoe julle nou moet handel: Gaan en lees julle elkeen die Boekrol van **Die Volksleiding Reeks.** Julle sal Sewe Tydperke in die Aarde deurstaan in hierdie Boekrol en julle sal alles leer en nog meer in hierdie Tyd wat Aanbreek! **Want 'n Nuwe Seisoen het aangebreek in MY** en met RUS in julle harte sal julle in GELOOF en LIEFDE BO ALLE LIEFDE, MY Ewige Sabbat binnegaan en MY BRUID sal ONS kindertjies opvoed en in MY Land, Suid-Afrika, **in MY GELOFTEVOLK sal daar 'n Nuwe Generasie, 'n nuut opgerigte SAAD opstaan en opgroei.** Geseënd is die MAN wat hart aan hande bind, en die kind wat opgroei net deur MY BLOED verbind!

Wees VROLIK o DOGTER VAN SION! MY WIL sal oor julle geskied en MY VOLMAAKTE PLAN sal ontvou en openbaar word tot die oprigting en Bekragtiging van MY BRUID. JY is EEN met MY in die Nuwe AARDE! EK sal Jou lei na Waterstrome vanuit MY Bergvesting, SION!GENIET MY PASGA en Breek MY Brood en voed MY Kinders."

Openbaring 82 ontvang op 31/01/19

"MY Dogter, vind Rus in MY. Wees stil in jou hart en in MY Naam, beveel die stormwaters van benede om te wyk en kalm te raak. Wees VERLOS en VRY in GEES en LEWE deur MY BARMHARTIGHEID. Bly getrou aan MY en leer vanaf MY WYSHEID en word gevul met lering vanuit MY WAARHEID. **Jou Huis wat jy vir MY opgerig het, moet nou gevul word**. Jou Huis moet nou bewoon word en **as Herberg en Woning dien vir MY kinders en volgelinge**. Maar onthou dat hierdie Huis in stand gehou moet word deur werksame LIEFDE elke dag. Daar is 'n Nuwe Tyd en Dag vir jou MY Bruid, MY Geloftevolk, julle wat getrou gebly het aan die ENIGSTE EK IS WAT EK IS!

**Daar kom 'n groot omvorming** volgens MY WIL en julle moet altyd julle wil ondergeskik hou aan MYNE, maar doen dit met GELOOF en OORGAWE met die wete dat EK altyd die beste weet vir julle oorwinning en groei tot LIG. Sewe Dae het julle vir MY gearbei en geveg. Sewe Dae sal julle nou in MY Rus en Stilte verkeer terwyl julle opgelei sal word met die metodes en rigtingwysers van die LEWE en hoe om staande te bly en hoe om die huwelike weer te suiwer en op te rig volgens MY ORDE. **Hou aan seën elke dag en blaas steeds op julle ramshorings vanuit julle harte van gebede.** Want die Wierookbak sal voor MY Aangesig gebring word en die reuk sal getoets word. LIEFDE moet julle toepas en Wysheid moet julle bespeur in alle denke en handelinge van nou af, MY Eerste Dag van Stilte. EK wil julle in MY Ewige Sabbat inlei en daarom sal EK julle nooit verlaat nie. Wees gehoorsaam aan MY en volg net MY!

MY Geloftevolk, bly binne MY LAER van APARTHEID en LIEFDE, as EEN! Dit is MY voorwaarde vir beskerming en verlossing. Want hierdie LAER is al van Ouds af ingestel: MY WET VAN LIEFDE WAT EK OP DIE TWEE FONDAMENTE GEGRAVEER HET OP DIE BERG! Hierdie WET is aan julle gegee deur die Boodskapper van LIEFDE en nog altyd was EK IS WAT EK IS, EK, die LIEFDE SELF! MY Knegte en Boodskappers, lei MY kindertjies nou op en gaan leer die mans en vroue, die vaders en die moeders. Nou berei EK julle voor om vir MY **'n Nuwe Generasie van LIEFDE te wek in MY NAAM VAN LIEFDE!**

Wees VRUGBAAR en VERMEERDER MY Adam, MY Boerevolk van Apartheid; en HEERS oor die Skepping. Vrees nie vir die wilde diere van die veld nie en wees nie bang vir die planne van die dwase teen julle nie, want hulle sal deur hulle eie planne val en struikel! Julle het nou julle taak. **Gaan en vul ONS HUIS en wees gehoorsaam en liefdevol; en behaag julle MAN!"**